BYBELSTUDIE OPENBARING LES 22.

Openbaring 4-7 handel oor die troonvisioen en die eerste 6 seëls. In 'n sekere sin bevat hierdie gedeelte klaar die boodskap van Openbaring in 'n neutedop:

- Hoofstuk 4: God heers in heerlikheid en word deur die hele skepping verheerlik.
- Hoofstuk 5: Die Lam wat geslag is, kan die doel van God met sy skepping bereik.
- Hoofstuk 6: Die Lam oordeel die goddelose wêreld met baie rampe en uiteindelik met die eindoordeel.
- Hoofstuk 7: God en die Lam deel hul heerlikheid met die gelowiges.

In hoofstuk 8-11 volg die sewe trompette en daarna die bakke. Dit gaan in beide om dieselfde oordele, maar in die geval van die trompette elke keer net om 'n derde, terwyl die bakke se oordele vernietigend is. Daarmee saam waarsku die trompette net, maar die bakke is "gevul met die troon van God" [16:1]. Die trompette staan dus vir die waarskuwende karakter van die oordele en die bakke sê God gaan finaal oordeel.

Dit het tot nou toe duidelik geword dat Openbaring nie chronologies verloop nie. So loop die groot Sewes [Seëls, Trompette, Bakke] elkeen uit op die eindoordeel. Die eindoordeel word nie in besonderhede bespreek nie. Dié gebeur eers in Openbaring 20. Samevattend kan ons dit soos volg stel:

- Die sewe seëls stel die beginsel: God oordeel!
- Die sewe trompette waarsku: God oordeel!
- Die sewe bakke bring finaliteit: God oordeel!

Daar is egter ook 'n ander klemverskil tussen die drie groot Sewes. Die seëls was oordele oor mense. Die trompette en bakke is oordele oor die natuur.

In Les 22 staan ons stil by die sewende seël as oorgang na die sewe trompette.

BYBELSTUDIE OPENBARING 8:1-5.

1. LEES: Openbaring 8:1,2.
   Daar gebeur twee dinge wanneer die laaste seël oopgemaak word. Wat het gebeur?

2. LEES: Openbaring 8:3,4; Habakuk 2:20; Sefanja 1:7.
   Tot dusvêr was daar geweldige aksie en drama in die hemel. Deur die hele Openbaring 4-7 was daar nooit sprake van stilte nie. Nou skielik is daar doodse stilte. Waarom?

3. LEES: Openbaring 8:3-4; Levitikus 16:13; Psalm 141:2.
   Wat is die betekenis van die wierook en die gebede van die gelowiges?

4. LEES: Openbaring 8:4.
   Die 1983-vertaling praat hier van “gelowiges” en die oorspronklike taal van “heiliges”. Watter vertaling sou u kies en waarom?

5. LEES: Openbaring 8:5; 6:10; Esegiël 10:1-7 [Lees veral Openbaring 8:3].
   In hierdie vers reageer die engel op die gebede van die gelowiges. Hy gooi vuur uit op die aarde.
   - Wat is die betekenis van die wierookbak wat gebruik word om kole op die aarde uit te gooi?
   - Is dit 'n verhoring van al die gelowiges se gebede of net die martelare se gebed in 6:10?

6. Som Openbaring 8:1-5 in u eie woorde op.

ANTWOORD.

1. Daar kom stilte in die hemel, omtrent 'n halfuur lank. Die trompette word aan die sewe engele gegee wat voor God staan.
2. Verskillende verklarings word vir hierdie stilte aangebied. Sommige noem dit 'n stilte voor die storm. Die sewende seël is gebreek en almal is nou in afwagting vir wat die Here gaan doen. Ons teks ondersteun nie hierdie verklaring nie. Daar is twee ander verklarings wat 'n mens kan oorweeg. Die een is dat dit 'n herhaling is van die stilte voor die skepping. Die ander een is dat dit die stilte is vir die gebede van die gelowiges. Volgens Joodse tradisie was daar 'n doodse stilte voor die skepping. Hulle het geglo dit sal herhaal word voor die herskepping. Maar waarom dan hier? Die halfuur stilte is dan mos eerder tuis aan die begin van Openbaring 21.
   Die tweede moontlike verklaring is dat die stilte ter wille van die gebede van die gelowiges is. Daar is 'n ander Joodse tradisie dat die engele snags die lof van die Here sing, maar dat hulle bedags moet stil wees omdat die Here na die gebede van Israel luister. Hierdie stilte is dus ter wille van die gebede van die gelowiges wat nou aan God gebring gaan word [8:3-5]. Hierdie verklaring het goeie grond in die teks self.
3. Die baie wierook wat aan die engel gegee is, moet met die gebede van die gelowiges gemeng word. Sommige Skrifverklaarders sien dit nie as 'n manier waarop ons gebede vir God meer aanvaarbaar gemaak word nie. 'n Vertalingsmoontlikheid in die oorspronklike taal pleit egter vir hierdie verklaring. Ons sou kon vertaal: Baie wierook is aan die engel gegee om dit **as** die gebede van die gelowiges....te offer. In hierdie geval is die wierook dan die gebede. Dit sou beteken dat ons gebede aangenaam vir die Here is. Anders gestel: Deur die wierook word die gebede van die gelowiges vir God aanvaarbaar gemaak. Dit is dan ook deur Christus se voorbidding dat die gebede van God se kinders aanneemlik gemaak word en dit is inderdaad so dat gelowiges se gebede God bereik.
4. Heiliges!
   Hierdie woord is baie ryker aan betekenis en beteken onder meer dat ons vir die Here opsy gesit is om net aan Hom te behoort en vir Hom te lewe.
5. Die wierookbak wat deur die engel op die aarde uitgegooi word, sou verstaan kan word as God se antwoord op ons gebede. 'n Mens kan dit in verband bring met die gebed van die martelare [6:10], maar baie duidelik gaan dit om die gebede van “al die gelowiges” [8:3]. Ons gebede het 'n invloed daarop wat God in/aan die wêreld doen.
6. Ons as heiliges is deur God afgesonder om vir Hom te leef en deur gebed saam met Hom te regeer. Deur die voorspraak van Christus word al ons gebede gevul en gesuiwer. God hoor en verhoor ons gebede. Só het die kerk deel aan die

oordeel en eindoordeel van God en is ons op pad na die heerlike volheid in Christus.

****